

MARKGRAAFSTRAAT 17

Daar was 'n baie goeie reaksie op die beroep wat ons voorheen op ons lesers gedoen het om geskiedkundige foto's in te stuur. Ons hartlike dank aan almal wat so mooi gereageer het! Sommige van die foto's is vroeër vanjaar deur die SAUK geleen met die oog op die maak van 'n dokumentêre film vir televisie.

Onder die baie interessante foto's wat ontvang is, tel ook 'n stel oor die huis te Markgraafstraat 17, Bloemfontein, en sy eerste bewoners. Dié huis is oorspronklik in 1893 deur die bekende argiteksfirma Stucke & Harrison ontwerp en gebou vir die eienaar, Moritz Levisieur (foto regs). Daar is verskeie foto's van die huis



Nietemin is alles nie verlore nie die stel foto's laat die ou woonhuis letterlik lewe kry. Daar is Moritz Levisieur en sy vyf seuns, wat waarskynlik in dié huis grootgeword het, Clara Levisieur as baba, as jong meisie en met haar troue, en Oupa

Moritz met "deerstalker" op sy kop en pantoffels aan sy voete koerantlesend op die voorste veranda.

Die Levisieurs was 'n gesiene familie in Bloemfontein aan die begin van hierdie eeu en Levisieurstraat in Westdene is na Moritz vernoem.

terwyl dit deur dié Levisieurs bewoon is, onder andere die een hierbo en 'n ander op bladsy 3 van die vorige uitgawe van hierdie Nuusbrief. Dit is nie seker hoe lank dit as woonhuis gedien het nie, maar sover vasgestel kon word, is dit in die dertigerjare as hotel gebruik en later as losieshuis, toe bekend as Bexcourt (foto regs). 'n Dubbelverdieping is later aan die suidekant aangebou en die linkerhelfte van die veranda voor is uitgebou en toegemaak. Dit word nou weer omvorm om as hotel te dien, maar in die proses gaan baie van die oorspronklike karakter van die huis verlore - die houtraamvensters word byvoorbeeld deur staalraamvensters vervang.

